

Donderdag 13 Julie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 9:1-15

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 9:7, 8

Daar is twee verskillende soorte gawes, gee op die regte manier!

Paulus skrywe aan die kerk in Korinte en moedig hulle aan om vir die kerk in Jerusalem by te dra. Hy maak onderskeid tussen twee maniere hoe 'n mens kan gee, 'n verkeerde en 'n regte manier. Moenie gee omdat jy gedwing word nie. Moenie karig of met droefheid gee nie. Gee altyd gewillig, oorvloedig en blymoedig. Die grootste motivering om reg te gee, is hoe jy God se optrede verstaan. Hy is óf iemand wat baie van jou neem en vra, óf iemand wat ongelooflik baie vir jou gee.

Paulus help jou om raak te sien dat God iemand is wat baie vir jou gegee het en baie vir jou sal gee. Hy is God wat baie seëninge gee nog voordat jy enigiets gegee het, en Hy sal vir jou nóg baie meer seëninge gee as jy bereid is om vrywillig, oorvloedig en met vreugde vir ander te gee. Dit lei daartoe dat jy nog méér genade ontvang om selfversorgend te kan wees, met die gevolg dat jy nog meer kan gee. God het immers sy eie Seun, Jesus Christus, nie gespaar en Hom teruggehou nie, maar Hom gegee tot volkome verlossing van al jou sondes.

Om op die regte manier te dink en te gee, bring groot dankbaarheid vir God by almal teweeg.

Sing: Skrifberyming 20-2:1, 3, 4

Dr. Jan Lion-Cachet (Klerksdorp)